# COLIGNY SE NUWE KERKGEBOU

## Groot belangstelling by Inwyding

Die nuwe Kerkgebou van die Ned. Herv. of Geref. Gemeente Coligny is Saterdag l.l. ingewy onder blyke van die grootste belangstelling. Die Kerkplein was die toneel van groot bedrywigheid, waar 'n menigte ossewaens gestaan het tussen 'n nog groter aantal tente, terwyl 'n aansienlike aantal motors ook daar plek gevind het. Saam met die tiepies oue verskynsel, wat mens veral vroeër by Nagmaal aangetref het op die plattelandse dorpe, was dit eienaardig om die moderne motors tussen die waens in te sien, party as tydelike verblyfplek ook aangevul met 'n tentjie langs die eenkant. Die algemene indruk wat mens al dadelik kry was die van groot feesvreugde. Daar was ook rede voor, want hierdie gemeente is nog betreklik jong en hy het in die kort tyd van sy bestaan eers 'n voorlopige kerkgebou opgerig, later 'n kerksaaltjie en nou weer 'n pragtige Godshuis, behalwe nog 'n klein sendingkerkie. Die skuld op die nuwe kerkgebou is ook al byna afbetaal. Rede genoeg dus vir tevredenheid. Daarby kom nog dat die distrik in die afgelope weke mooi reens gehad het. Die grond was nog deurweek en selfs tydens die inwyding het nog buie uitgesak. Die gesaaides in die buurt is ook oor die algemeen in goeie toestand. 'n Kerkbasaar is dieselfd oggend geopen en ook daar was die geesdrif groot, die koopware veelvuldig en die kopers gretig.

Om 10.30 v.m. het 'n groot skaar—geskat op ongeveer 1500 mense—voor die deur van die ou kerkgeboutjie vergader om van hierdie plek afskeid te neem. Na die sing uit volle bors van die eerste vers uit Psalm 146 het ds. K. T. v.d. Heever, (emeritus en vroeër van Ventersdorp) 'n kort gebed gedoen, waarop ds. R. Theron, die gemeente se eerste leraar en tans van Alberton, 'n kort maar kragtige rede uitgespreek het. Hy het herinner aan die totstandkoming van die jong gemeente, aan wederwaardighede maar ook aan ongekende vooruitgang en die verwesenliking van lang gekoesterde ideale. 'n Noot van weemoed het in die redevoering gesluip, toe die leraar dit had oor die ou preekstoel wat tans, ontwortel en uitmekaar gehaal, in een hoek van die ou kerkgebou staan, omdat die nie meer 'n Godshuis is nie, maar 'n gewone vergadersaal. Vir spreker en vir baie van die gemeentelede is daar aangename herinnerings verbonde aan hierdie gebou en die afskeid stem tot droefheid, maar die vooruitsigte verbonde aan die pragtige nuwe Kerkgebou oorskadu daardie droefheid en met blye verwagtings sal iedere gemeentelid die nuwe gebou binnetree.

### VOOR DIE NUWE KERKGEBOU.

'n Optog is vervolgens gevorm, met die oudste ouderling van die Gemeente voorop; hy is die draer van die groot Bybel wat op die nuwe preekstoel geplaas word. Op hom volg die Boukommissie en argitek, dan die predikante van die Ring van Zeerust, wat net sy sitting hier gehou het, dan die Kerkraad en vervolgens die gemeente. By die voordeur van die nuwe Kerkgebou het die plaaslike leraar, ds. M. J. du Preez, 'n kort welkomswoord uitgespreek en toe is die verslag van die boukommissie voorgelees deur die sekretaris, waarop die skriba van die Ring, ds. J. D. Roos 'n kort maar indruk-wekkende rede gehou het, waarin hy die gemeente aangespoor het tot werksaamheid, veral met die oog op die skuld wat nog op die gebou rus. Diegenes met slappe hande en waggelende knieë het so'n klein skrobering gekry en die ywerige werkers en werksters 'n woord van aanmoediging.

Mnr. G. Moerdyk, die argitek van die nuwe Kerkgebou, het 'n kort maar pittige toespraak gehou en gewys op die skoonheidsgevoel wat hom openbaar by die Afrikanervolk ten opsigte van kerkbou. Op luimige wyse het hy o.a. ook die aandag daarop gevestig

die skuld wat nog op die gebou rus. Diegenes met slappe hande en waggelende knieë het so'n klein skrobering gekry en die ywerige werkers en werksters 'n woord van aanmoediging.

Mnr. G. Moerdyk, die argitek van die nuwe Kerkgebou, het 'n kort maar pittige toespraak gehou en gewys op die skoonheidsgevoel wat hom openbaar by die Afrikanervolk ten opsigte van kerkbou. Op luimige wyse het hy o.a. ook die aandag daarop gevestig

dat die insameling van fondse 'n deel vorm van die gemeente se godsdiens, veral wanneer dit so'n doel geld soos kerkbou.

Mnr. L. Laurysen, die Pretoriase bou-aannemer wat die Kerkgebou opgerig het, is hulde gebring vir sy goeie werk en hy het dank betuig vir die samewerking van die Boukommissie.

### DIE DEUR ONTSLUIT.

Mnr. W. Badenhorst, een van die oudste gemeentelede het hulde gebring aan die goeie werk van die Boukommissie. Daarna is die deur ontsluit deur die plaaslike leraar met die woorde: "In die naam van die Drie-Enige God verklaar ek hierdie gebou vir geopen."

Dit het lank geduur om die groot skare plek in die gebou te besorg. Tot op die galery-trappe het die mense gesit, terwyl 'n menigte dwarsdeur die wydingsdiens gestaan het. Ekstra banke moes uit die kerksaal gehaal word en weldra was daar nie meer plek vir 'n muis nie. Daar was ruim 1400 mense in die kerk, terwyl baie hul moes tevrede stel met van buite deur die vensters te luister.

### DIE FEESREDE.

Na die sing van Ps. 100, het dr. S. F. Weich voorgelees uit Juzua 4, waar vertel word van die gedenkteken opgerig deur die Israeliete, toe hul oor die Jordaan getrek het. Ds. S. T. Potgieter van Delarey het vervolgens 'n kragtige wydingsgebed gedoen. Onder die sing van die eerste vers van Ps. 84 is die kollekte opgeneem en toe kon ds. R. Theron die wydingsrede uitspreek, wat hy gedoen het na aanleiding van Juzua 4 vss. 6 en 7 en veral die woorde: "Wat zyn u deze stenen?"

In 'n voorwoord wens hy die gemeente geluk met die nuwe gebou. Hy bring hulde aan die ywer van die pastor loci en wys op die vooruitgang van Coligny sedert sy ontstaan. Dit is hom 'n groot eer om, as oud-leraar van die gemeente, die wydingsrede uit te spreek. Hy doen dit graag, want sy belangstelling is nog so groot soos altyd.

Spr. vergelyk die kerkgebou met die gedenkteken van Israel by Gilgal. Die Kerkgebou is ook 'n monument, wat 'n eie stempel dra. Die toring b.v. wys waar die bestemming van die mens is. Die klok, wat die mens tot aanbidding roep, is 'n beeld van die vrye genade van God. Dit roep almal. Die horlosie in die toring is 'n simbool van die vernaamste gif van God aan die mens—die tyd. Die opwen en afloop van die klok herinner aan die mens se loopbaan. Daar kom 'n tyd wanneer die fleur van die lewe verby is en die liggaam verswak

"Wat Zyn u deze stenen?" Dis 'n monument wat daaraan herinner dat God Sig aan die mens openbaar het en met hom spreek. Die Kerkgebou is die teken aan die wêreld van die gemeente se betrekking met God. Dis die bewys dat God sy kinders nog wil lei, deur die Jordaan des lewens. Die Kerkgebou is ook 'n blyk van offervaardigheid en van die gemeente se liefdebegrip. Dis 'n bewys dat God nie tevergeefs gespreek het nie. Dit moet ook 'n toevlugsoord wees, 'n plek waar aanbid word, 'n heiligdom. Die Kerkgebou moet 'n plek wees waar die werk van Kristus voortgesit word. Die gebou wat uit soveel stene bestaan, moet die simbool wees van 'n lewende gemeente, saamgevoeg in 'n heilige priesterdom, deur Kristelike liefde gebonde. Daar mag geen gekraakte stene wees nie. Die oprigting van 'n stoflike kerkgebou met sy deftige prag is nie die hele en enigste taak van die gemeente nie. Dit moet ewerspieël word in 'n lewendige gebou van geestelike stene—die gemeente self.

### BESOEKENDE PREDIKANTE.

Onder die aanwesiges was die volgende predikante: di. H. W. Ziervogel (Zeerust), J. D. Roos (Zwartruggens), T. D. Potgieter (Lichtenburg), S. T. Potgieter (Delarey), dr. S. F. Weich (Ottosdal), P. Murray (Malopo), D. S. Lubbe (Koster), J. F. Hugo (Ventersdorp), J. L. Lourens (Delwerye), N. E. de Kock (Hartsrivier), K. T. v. d. Heever (emeritus) en R. Theron (Alberton). Van die omliggende streke, tot selfs van Lichtenburg en Zeerust, het talryke besoekers gekom.

### DIE KERKGEBOU.

Die nuwe Kerkgebou is 'n stewige sierlike struktuur, tiepies van die styl van argitek Moerdyk, opgerig van rooi bakstene met 'n indrukwekkende toring, waarin 'n groot horlosie aangebring is, sodat die inwoners van Coligny die slag van elke uur en halfuur voortaan sal kan hoor. Dis gedek met 'n skilderagtgie leidak, wat behalwe heerlike koelte ook stilte by reenweer verseker. Die interieur is in die vorm van iets meer as 'n halwemaan, sodat die toehoorders, wat ook op 'n halfsirkelvormige galery plek kan inneem, binne maklike bereik is van die spreker se stem. Die akoestiek is uitmuntend. Die vloer is van mooi ingelegde houtblokkies, wat baie bydra tot stilte in die gebou. Die orrel- en koorgalery is agter die preekstoel en 'n klein bietjie hoër—'n voortreflike stelsel, wat sake vir predikant, orrelis en koor baie gerieflik maak. Die speeltafel van die orrel is verwyder van die instrument self, op so'n manier dat die koor vlak voor die orrelis plek het, sodat laasgenoemde volkome beheer kan uitoefen en die orrelklanke van agter die koor kom.

Die Kerk kos, alles ingesluit £10,300. Voor die inwyding was daar nog 'n skuld van slegs £2,800, dog onmiddellik sal daarvan nou afgaan minstens £400 (die opbrings van die pasgehoue kollektes en basaar is nog nie bekend nie). Aan bewyse met waarborg is nog £600 uitstaande, dog daar is beloftes vir die hele bedrag van die skuld. Weens die moeilike tye dring die Kerkraad op die oomblik nie aan op vervulling van belofte nie en die versekering word gegee dat as tye die afgelope ses maande nie so sleg was nie die Kerk ingewy sou gewees het sonder skuld. Onder bogenoemde totale bedrag is ingesluit die prys van die orrel (£1,280) opgerig deur die firma R. Muller van Kaapstad, die klok en horloesie (£410), verskaf deur die firma Schultis, Schwar en Ko. van Pretoria, die meubels, d.w.s. preekstoel, banke ens., gelewer deur die Joh'burgse firma Prokop. Die preekstoel en banke is van Birmese kiaat.

### INWYDING VAN LIGTE EN ORREL.

In die anad is die ligte en die orrel ingewy. Weer was die kerk stampvol. Ds. H. W. Ziervogel het gepraat oor die onderwerp "Lig" na aanleiding van die deel in die Bergpredikasie, oor die lig wat nie onder die koringmaat

deur die Joh'burgse firma Prokop. Die preekstoel en banke is van Birmese kiaat.

INWYDING VAN LIGTE EN ORREL.

In die anad is die ligte en die orrel ingewy. Weer was die kerk stampvol. Ds. H. W. Ziervogel het gepraat oor die onderwerp "Lig" na aanleiding van die deel in die Bergpredikasie, oor die lig wat nie onder die koringmaat

moet wees nie maar op 'n kandelaar. Op 'n gegewe moment is die ligte aangesit.

Ds. T. D. Potgieter het gepraat oor musiek en die plek wat dit inneem in die openbare eredienste. Hy het die gehoor een en ander meegedeel oor die uitwerking van musiek op die mens, oor gewyde en sekulêre musiek en die mening uitgespreek dat gewyde musiek sy toppunt bereik het in die pragtige korale wat in die Hollande Kerke gesing word. Treffende voorbeelde het hy opgenoem van Psalms en Gesange wat pas by iedere besondere gemoedstemming. Daarna is 'n orrel-uitvoering gegee deur die orrelis van die Groot Kerk, Pretoria (bygestaan deur 'n flinke koor (wat 'n drietal nummers ingestudeer het onder leiding van mevr. du Preez, eggenote van die pastor loci) en mej. van der Spuy van Zeerust wat 'n uiters genotvolle vioolsolo (Mendelssohn) gelewer het. Die programma was as volg: 1. Feesmars. 2. Awendlied (Easthope Martin). 3. Koor: "O komt laat ons aanbidden" (Himmel). 4. Vioolsolo (Mendelssohn). 5. Intermezzo (Mascagni). 6. Koor: "Hoor, hoor mijn ziel" (H. R. Shelley). 7. Idille (F. Brandon). 8. Besieling (Maurice Telma). 9 Bekende Wysies. 10. Koor: "Hoe liefelijk zijn op de Bergen (R. A. Smith) 11. Aan die Wilde Roos (McDowell). 12. Twee Preludes (Chopin). 13. Improwisasie: Die Storm. Die orrelis het getrag om die veelsydigheid van die orrel te laat uitkom.

### DIE ORREL.

Die instrument is, soos reeds gesê, gelewer deur die Kaapstadse firma R. Muller en deskundiges spreek die mening uit dat die gemeente uitstekende waarde vir sy geld gekry het. Daar is, vir so'n betreklik klein instrument, besonder veel klankverskeidenheid en die meganiek is voortreflik, terwyl die algemene voorkoms 'n skilderagtige indruk wek en goed pas in die omgewing. Die orrel het dertien sprekende registers en 'n menigte fasiliteite in die vorm van koppelaars, oktawe, tremulant ens. Daar is twee manuale, waarvan die een se pype in die geslote "Swell"-kas geplaas is en goed gedemp kan word, deur die werking van 'n pedaal. Die pedaalbord is konkaaf-uitstralend, volgens die modernste vereistes. Daar is ook 'n crescendo-pedaal wat soms handig is. Die registers word gekontroleer deur s.g. "rocking tablets", pleks van die ouerwetse "trekstoppers". Hierdie "tablets" is aangebring bokant die hoogste manuaal. Die vaste komposiesie-kombinasies is besonder gevoelig en werk uitstekend en hul aksie word sigbaar weerkaats in die registers. Coligny het 'n orrel waar hy trots op kan wees en spesiale hulde kom toe aan mnr. Matner en sy bekwame assistent wat die orrel opgerig het en dit moes doen binne 'n baie beperkte tyd om dit gereed te hê vir die inwydingsplegtigheid.